## Projek Klubs (50 punte)

*Leerdersboek bladsy 263*

Voorgestelde antwoorde

### Riglyne vir die onderwyser

- Verdeel leerders in groepe van 3.
- Gebruik 'n periode en verduidelik volledig die vereistes en gepaardgaande rubriek.
- Verdeel die werkverdeling van die onderwerp en verskaf aan elke leerder wat van hom verwag word.

### Verlang

Reël dat 'n plaaslike klub besoek word, of soek inligting oor 'n klub op die Internet. Jy moet relevante inligting vanaf die klub invorder sodat jy aan die volgende vereistes kan voldoen:

- Inleiding
  - » Verskaf 'n kort definisie van 'n nie winsgewende organisasie.
  - » Skryf 'n kort opsomming oor die klub wat jy besoek het (naam van klub, waar geleë en aktiwiteite wat die klub aanbied).
  - » Heg 'n toestemmingsbrief aan waarin die bestuur van die klub jou toestemming gee dat jy die klub mag besoek en besonderhede van die besoek.
- Konstitusie van die klub. Indien jy in staat was om 'n afskrif van die klub se konstitusie te bekom het, heg dit dan aan aan die einde van jou projek. Daar word van jou verlang om 'n kort verduideliking van die volgende aspekte te gee:
  - » o Visie en missie
  - » o Doelwitte
  - » o Kleure
  - » o Ledee syfers
  - » o Affiliasies
  - » o Algemene vergaderings
  - » o Veranderinge aan die konstitusie
- Jy moet 'n gedetailleerde verduideliking oor die volgende aspekte voorsien:
- Intreegeld en ledegelde: die bedrag, hoe ingevorder, maatreëls in plek vir wanbetalers ens.
  - » o Beamptes en hulle rolle en verantwoordelikhede.
  - » o Finansies: die rekeningkundige prosedures, finansiële state, interne beheer maatreëls en oudits
- Voorsien moontlike voorstelle hoe die beeld van die klub verbeter kan word.

**TAAKASSESSERINGSRUBRIEK: PROJEK KLUB**

| ASPEKTE | KRITERIA | | | | PUNTE |
|---|---|---|---|---|---|
| | 8–7 | 6–5 | 4–3 | 2–1 | |
| Inleiding | | | | Verskaf inleiding | |
| Opsomming die klub | | 'n Gedetailleerde opsomming oor die naam, adres en funksie van die klub word verskaf | Noem of die naam of adres van die klub | Kort opsomming verskaf | |
| Konstitusie van klub | Verskaf uitstekende verduidelikings rakende die belangrike aspekte van die konstitusie. | Gee 'n goeie opsomming van die belangrikste punte van die klub se konstitusie | Die belangrike punte van die konstitusie word verduidelik | Maak kortliks melding van konstitusie | |
| Intreegeld en Ledegelde | Verduidelik definisie, versameling en stappe geneem teen wanbetalers, Gebruik 'n T-rekening om grootboekrekeninge te verduidelik | Verduidelik definisie, versameling en stappe geneem teen wanbetalers | Verduidelik definisie en insameling van gelde | Definisie verskaf | |
| Rol en verantwoordelikhede van beamptes verduidelik | | 'n Gedetailleerde beskrywing van beamptes en hulle funksies | Beamptes met funksies genoem | Beamptes genoem | |
| Finansiële state | | Rekeningkundige prosedures, etiese oorwegings en interne oudit word bespreek | Rekeningkundige prosedures verduidelik aan hand van finansiële state | 'n Kort beskrywing word gegee | |
| Moontlike voorstelle vir die verbetering van die beeld van die klub | | Verskeidenheid van moontlikhede word gegee wat kreatiwiteit aandui | Identifiseer minstens twee moontlikhede | Identifiseer gedeeltelik | |
| Gevolgtrekking | | | | Skryf 'n gevolgtrekking | |
| | | | | **Totaal (uit 50)** | |